

**Donderdag 18 Februarie**

**Skrifgedeelte: Markus 4:1-9, 13-20; HK Sondag 7, Vraag 21**

**Fokusgedeelte: Markus 4:16, 17**

### **'n Ware geloof? Nie tydgelooft nie**

Hier word gepraat van tydgelooft, omdat mense by wie dit aangetref word net vir 'n bepaalde tyd geloof openbaar en daarna weer in historiese geloof of ongeloof terugsink. Tydgelooft toon in die reël veel meer ooreenkoms met die ware geloof as die historiese geloof. Die kennis van God en die verlossing deur Christus is by hulle nie slegs kennis van die verstand nie, maar in mindere of meerdere mate word ook hulle harte daardeur aangeraak, dog net vir 'n tyd. Na 'n rukkie is die opgewondenheid en entoesiasme oor hulle verhouding tot God verby en sak hulle terug in hulle vroeëre lewe van koudheid en onverskilligheid in die diens van die Here.

Hierdie tydgelowiges word duidelik vir ons geteken deur Christus in die gelykenis van die saaiers as Hy sê: *“Daar is mense by wie daar soos op klipbanke gesaai word: sodra hulle die woord hoor, neem hulle dit met blydskap aan. Hulle laat dit egter nie in hulle wortelskiet nie en hou nie lank uit nie. As hulle daarna ter wille van die woord verdruk of vervolgt word, word hulle gou afvallig”* (Mark. 4:16, 17).

Onmiddellik toe hierdie mense die woord gehoor het, het dit 'n indruk op hulle gemaak. Die oppervlakkigheid van hulle lewe bring mee dat hulle maklik beïndruk word deur mense se standpunte oor sake. Hulle verlustig hulle in die skoonheid en trefkrag van preke. Hulle kan gou praat van 'n mooi preek, maar verder as dit kom hulle in die reël nie. Die prediking van die evangelie wat vir hulle soms aangrypend is, het by hulle geen werking na binne wat hulle lewe blywend verander nie. Nooit ondersoek hulle hulself in die lig van die eise wat die prediking stel aan elkeen wat 'n erfgenaam van God se koninkryk wil wees nie. Nooit vra hulle hulself af of hulle bereid is om, as dit nodig mag wees, alles wat hulle het – man, vrou, kinders, huis en besittings – prys te gee ter wille van die eer van God en die liefde vir Christus nie. Deur so op te tree, toon hulle dat al hulle besprekings van uitsprake in die Bybel en al hulle tranes of blydskap by die aanhoor van die prediking vir hulle absoluut niks beteken nie.

Sodra van hulle verwag word om spot en minagting ter wille van die evangelie te verduur, sodra hulle verdruk en vervolgt word, word dieselfde evangelie wat hulle vroeër bewonder het, baie gou vir hulle 'n rots waaroor hulle struikel. Dan laat hulle die geloof vaar. So lief het hulle Jesus nie dat hulle bereid is om ter wille van Hom veragting en vervolging te verduur nie. As hulle hulself moet verloën, hulle kruis moet opneem en Christus moet volg, *“word hulle gou afvallig”*, sê Jesus. Waak en bid om nie 'n tydgelowige te wees nie.